http://lexikos.journals.ac.za

# Voorwoord

Die eerste uitgawe van *Lexikos* is aan mnr. D.C. Hauptfleisch by sy aftrede as hoofredakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) aangebied. Aangesien dit bedoel was as 'n eenmalige huldigingsbundel, het dit derhalwe geen uitgawenommer nie. Dit is eers daarna dat besluit is om daarmee voort te gaan as 'n jaarlikse tydskrif. Nou, 18 jaar later, word hierdie nommer van *Lexikos* aan die gedagtenis van mnr. Hauptfleisch opgedra wat op 14 Junie vanjaar oorlede is. 'n Huldeblyk aan hom verskyn op bladsye 417-419.

Behalwe die gewone afdelings waarin die inhoud van *Lexikos* verdeel word, bevat hierdie nommer ook 'n aantal nuwe afdelings soos "Leksiko-opname" en "Leksikobibliografie" om die verskillende navorsingsgebiede te dek wat in *Lexikos* behandel word.

Daar is twee veranderinge aan die Redaksiekomitee. Prof. E.F. Kotzé was 'n lid vir dertien jaar en prof. L.J. Louwrens vir vyf jaar. Altwee het 'n belangrike rol gespeel in die uitbouing van *Lexikos* as 'n leksikografiese tydskrif. Dit is met groot leedwese dat *Lexikos* van prof. Louwrens se siekte en, vroeër vanjaar, sy dood verneem het.

*Lexikos* wil twee nuwe Redaksiekomiteelede, dr. V.M. Mojela en dr. H.S. Ndinga-Koumba-Binza, verwelkom, en die wens uitspreek dat hulle 'n aangename en verrykende verbintenis met *Lexikos* sal hê.

Die bydraers moet bedank word vir die voorlegging van gehalteartikels, en die keurders vir die kontrolering van die gehalte van hierdie bydraes.

'n Groot dankie word gerig aan Me. Riette Ruthven vir haar bedrewe en bekwame set van hierdie nommer. 'n Dankwoord gaan ook aan Me. Tanja Harteveld wat die rekenaars en rekenaarstelsel in 'n werkende toestand gehou het.

J.C.M.D. du Plessis
*Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

http://lexikos.journals.ac.za

# Foreword

The first issue of *Lexikos* was presented to Mr D.C. Hauptfleisch on his retirement as editor-in-chief of the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT). As it was meant as a unique festschrift, it therefore has no issue number. It was only afterwards that it was decided to continue it as an annual journal. Now, 18 years later, this issue of *Lexikos* is dedicated to the memory of Mr Hauptfleisch who died on 14 June this year. A tribute to him appears on pages 420-422.

In addition to the usual sections into which the contents of *Lexikos* are divided, this issue also contains some new sections such as 'Lexicosurvey' and 'Lexicobibliography' to cover the diverse lexicographical research areas treated in *Lexikos*.

There have been two changes to the Editorial Board. Prof. E.F. Kotzé was a member for thirteen years and Prof. L.J. Louwrens for five years. Both played an important part in the development of *Lexikos* as a lexicographical journal. It was with much regret that *Lexikos* learnt of Prof. Louwrens's illness and, earlier this year, his decease.

*Lexikos* wants to welcome two new Editorial Board members, Dr V.M. Mojela and Dr H.S. Ndinga-Koumba-Binza, and express the wish that they will have a pleasant and enriching attachment to *Lexikos.*

The contributors must be thanked for submitting quality articles, and the referees for verifying the quality of these contributions.

A great thank you is extended to Ms Riette Ruthven for her accomplished and efficient typesetting of this issue. A word of thanks also goes to Ms Tanja Harteveld who kept the computers and the computing system in running order.

J.C.M.D. du Plessis
*Bureau of the Woordeboek van die Afrikaanse Taal*